

7 Februarie

Lukas 17:26-37

(Teks: Matteus 13:7)

### ***Die saad tussen die onkruid***

Onkruidmense lyk - so op die oog af - beter as klipbankmense, omdat die prediking van die Woord van God dieper ingang by hulle het. Hulle besef dat daar 'n *verandering* in hulle lewe moet plaasvind. Maar ag, die hart wat so oortrek is van onkruid, verhinder hulle om tot 'n besliste keuse te kom.

Wat is hierdie onkruid? Dit is die *bekommernis van die lewe* en die *verleidelikheid van rykdom*. Al die goeie voornemens in hierdie mense se harte word deur die onkruid doodgedruk. Natuurlik nie dadelik nie maar geleidelik. Eers staan die koninkryk van God sentraal in hulle lewe. Maar geleidelik word dit so deur die onkruid oorwoeker dat die glans van die koninkryk verdwyn en net die glans van hierdie wêreld nog bekoor.

In Lukas 17 vergelyk die Here Jesus die tyd vóór sy wederkoms met die tyd van Noag voor die sondvloed en met die tyd van Lot voor die verwoesting van Sodom en Gomorra. In daardie tye het die onkruid van materialisme die hart van die mense so beheers dat daar in hulle harte nie meer tyd vir God en sy Woord was nie.

As die Here Jesus *nou* sou kom, wat sal Hy vind? 'n Hart so oorwoeker deur onkruid dat die kruis nie meer sigbaar is nie? Bid dan dat die Heilige Gees u hart sal omploeg. Verbrand elke moontlike onkruid wat u hart wil toegroei. En maak vir u skatte in die hemel bymekaar waar mot en roes dit nie verniel en diewe nie inbreek en steel nie (Matteus 6:20).

Sing Psalm 119:63

Dr. C.J. Malan (Emeritus)